

RITMEESTERSVERSLAG – WES KAAP UITHOURIT ASSOSIASIE

Mei 2019

Dit was vir my 'n voorreg om hierdie afgelope jaar te dien as Ritmeester van die WCERC. Die gesindheid wat ek ervaar onder ruiters en beamptes is deurentyd goed en gemaklik. Die vriendelikheid en gasvryheid waarmee beamptes ontvang word by ritte, is positief.

By alle ritte is die standaard van die reelings en aanbied van die rit uitstaande. Geen haakplekke word ondervind nie.

Elke rit het 'n ander tipe baan wat dit vir ruiters interessant maak. Sommige met baie sand, ander met baie klip. Die bane is goed gemerk, en min ruiters "verdwaal" of wyk af van die gemerkte roete. Waterpunte is op al die ritte goed gespaseer. Afstand merkers word nog nie by al die ritte aangebring nie, en sal ons daaraan aandag moet gee.

Die Venues word goed voorberei en die areas is duidelik uitgemerk. Die veearts areas se oppervlaktes is gelyk met gras of gruis by al die ritte, en ervaar ek nie dat veeartse of ruiters daarvoor klagtes gehad het nie.

Bywoning by die Baan Voorligting is goed en baie moeite word gedoen deur Ritorganiseerders om die ruiters te lok na die voorligtings.

Die Tydhouers kwyd hulle goed van hulle taak. Daar heers gewoonlik 'n gemaklike atmosfeer en ruiters en grooms gee hul samewerking om geduldig te wees sou daar 'n haakplek kom.

Ons het nou heelwat veeartse in die Wes Kaap, en dit is verblydend dat veeartse wil werk by ritte. Al die veeartse wat by ritte diens doen is baie geduldig en hulpvaardig. Selfs voor 'n rit kan ruiters die vrymoedigheid neem om veeartse te kontak met vrae soos bv oor inentings.

By elke rit is opgeleide noodhulp beamptes, wat al deel geword het van die "familie".

Daar is weinig gevalle waar 'n reel oortree word. Ek skryf dit toe aan die feit dat ruiters die vrymoedigheid het om vooraf onsekerhede uit te klaar met Ritmeesters en Beampstes. Dit word weereens toegeskryf aan die positiewe gesindheid van ons Ritmeesters en Beampstes.

Dit was vir my 'n voorreg om die Wes Kaap Ritmeester te wees vir die periode Mei 2018 tot Mei 2019. Elke rit waar ek betrokke is, hetsy as Ritmeester of Tydhou helper, ervaar ek 'n positiewe gedrag en gesindheid.

Antoinette van der Walt

WCERC – RITMEESTER

15 Mei 2019.